



SA JAGGEWEERSKIETVERENIGING
HUNTING RIFLE SHOOTING
ASSOCIATION

Geakkrediteerde Vereniging Nr. 1800089 Accredited Association

	INHOUDSOPGawe	Bladsy
1. NAAM	2	
2. REGSPERSOONLIKHEID	2	
3. DOELSTELLINGS	2	
4. HOOFKWARTIER	2	
5. POLITIEKE BASIS	2	
6. LIDMAATSKAP	2_4	
7. TOETREDINGS- EN JAARGELDE	4	
8. BESTUUR VAN DIE VERENIGING	4_5	
9. BEVOEGDHEDE EN PLIGT E VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE EN BESTUURSKOMITEE	5_7	
10. TEKENMAGTE	7	
11. VASTE EIENDOM	7	
12. WYSIGING VAN DIE GRONDWET	7	
13. WERKSWYSE OP ALGEMENE JAAR - EN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING	7_8	
14. OUDITEURE	9	
15. AANSPREEKLIKHEID VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE	9	
16. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING	9	
17. INTERPRETASIE HERSIENING NOTAS	9 10	

GRONDWET VAN DIE S.A. JAGGEWEERSKIETVERENIGING

(Herdruk: Mei 2017)

1. NAAM

Die naam van die Vereniging sal die Suid-Afrikaanse Jaggeweerskietvereniging wees, hierin later genoem die Vereniging.

2. REGSPERSOONLIKHEID

Die Vereniging word hiermee met regspersoonlikheid beklee en sal, niteenstaande enige verandering van sy lede, sy Uitvoerende Komitee of sy Bestuurskomitee as 'n Vereniging met afsonderlike regspersoonlikheid bly voortbestaan en sal in eie naam, en onafhanklik van sy lede, bates besit en laste en verpligte aangaan en sal in eie naam, en onafhanklik van sy lede, regsgedinge aanhangig maak of teëstaan, of gedagvaar word.

3. DOELSTELLINGS

Die Vereniging het die volgende doelstellings:

- 3.1. Om kennis van en behendigheid met vuurwapens te bevorder;
- 3.2. Om met die owerhede en ander organisasies, wat dieselfde doel nastreef, saam te werk en hulle by te staan;
- 3.3. Om 'n strenge gehoorsaamheid aan wette, regulasies en ander maatreëls te bevorder;
- 3.4. Om die nakoming van die reëls van goeie amateursportmanskap ten opsigte van kompetisie te bevorder;
- 3.5. Die Vereniging beoog nie die maak van enige wins nie en is nie ingestel op winsbejag nie;
- 3.6. Om redelike en beheerde Jaggeweer skietkompetisies vir sy lede te reël.

4. HOOFKWARTIER

Die Hoofkwartier van die Vereniging sal wees waar die Bestuurskomitee van tyd tot tyd sal besluit.

5. POLITIEKE BASIS

Die Vereniging funksioneer op 'n nie-politieke basis.

6. LIDMAATSKAP

- 6.1. Lidmaatskap van die Vereniging is beperk tot manlike en vroulike natuurlike persone met die ouderdom van 18 jaar of ouer met die uitsondering van junior lede.
- 6.2. Die volgende indelings van lidmaatskap bestaan:
 - 6.2.1. GEWONE LIDMAATSKAP waarvoor skriftelik aansoek gedoen moet word. Die aansoek moet vergesel wees van die voorgeskrewe toetredings- en jaargelde soos later hierin vermeld word. Aansoeke om gewone lidmaatskap word deur die Bestuurskomitee na goeddunkeoorweeg en toegeken of afgewys. In geval van weiering van 'n aansoek, sal die Bestuurskomitee, op skriftelike versoek, die

- redes vir die weiering verstrek aan die aansoeker. Gewone lede wat die voorgeskrewe toetredings- en jaargelde ten volle betaal het, is geregtig om deel te neem aan alle verrigtinge gereël en georganiseer deur die Vereniging.
- 6.2.2. JUNIOR LIDMAATSKAP waarvoor op dieselfde wyse as vir gewone lede aansoek gedoen moet word en wat deur die Bestuurskomitee oorweeg en toegeken of, sonder versterking van redes, afgewys word. Junior lidmaatskap is beperk tot die kind van 'n bestaande lid welke kind nie jonger as 10 jaar of nog nie 18 jaar oud is nie of 'n kind binne dieselfde ouderdomsgroep ten opsigte waarvan 'n bestaande gewone lid skriftelik inwillig om aanspreeklikheid te aanvaar vir sodanige junior aansoeker, beide wat betref sy goeie gedrag as lid en sy finansiële verpligtinge teenoor die Vereniging. Junior lede betaal by aansluiting slegs die gewone vasgestelde jaargeld. By die bereiking van die ouderdom van 18 jaar word 'n junior lid outomaties 'n gewone lid van die Vereniging. Junior lede het geen stemreg by enige vergadering van die Vereniging of 'n tak van die Vereniging nie, maar mag verder deelneem aan alle verrigtinge van die Vereniging.
- 6.2.3. LEWENSLANGE ERELIDMAATSKAP wat by die Algemene Jaarvergadering toegeken mag word deur 'n meerderheidstem van die aanwesige lede aan persone wat na die mening van die vergadering buitengewone waardevolle diens aan die Vereniging kan lewer of gelewer het. Sodanige lede is vrygestel van toetredings- of jaargelde, maar geniet dieselfde voorregte as gewone lede. Nominasies vir lewenslange erelidmaatskap moet, met motivering, ten minste 21 dae voor die Algemene Jaarvergadering aan die Bestuurskomitee voorgelê word vir vooraf oorweging en verwysing na die AJV.
- 6.2.4. ERELIDMAATSKAP wat jaarliks deur die Algemene Jaarvergadering na goeddunke met meerderheidstem toegeken word. Erelede is vrygestel van die betaling van toetredings- en jaargelde en sal op dieselfde voorregte as 'n gewone lid geregtig wees maar het geen stemreg by vergaderings van die Vereniging nie.
- 6.2.5. TYDELIKE LIDMAATSKAP wat na goeddunke deur die Bestuurskomitee toegeken mag word. Tydelike lede sal slegs die gewone jaargeld betaal en sal vrygestel word van die betaling van toetreegelde. Die duur van tydelike lidmaatskap is vir hoogstens een jaar.
- 6.2.6. TOEGEWYDE LIDMAATSKAP. Enige lid wat aan al die volgende vereistes voldoen kan aanbeveel word by die S.A.P.D. vir registrasie as toegewyde lid (Toegewyde sportpersoon):
- 6.2.6.1. Opbetaalde lid van SA Jaggeweerskietvereniging
- 6.2.6.2. Tree op binne die reëls van die Vereniging
- 6.2.6.3. Gedurende die afgelope 12 (twaalf) maande 'n total van 6 (ses) punte versamel het. Punte word verwerf deur deelname aan SAJSV kompetisies as volg: SA Ope = 3 Punte, Provinciale Kompetisie = 2 punte en Nie-Provinciale (Takskiet) Kompetisie = 1 punt (Maksimum 3 per jaar). Lede moet, op versoek van bestuur, bewyse van deelname kan verskaf.

6.2.6.4. Waar dit vir 'n Toegewyde lid tydelik onmoontlik is om aan 6.2.6.3 te voldoen, sal die Bestuurskomitee oor die diskresie beskik om sodanige lid se Toegewyde status in stand te hou.

6.3. Beëindiging van lidmaatskap

- 6.3.1. 'n Lid kan self sy lidmaatskap beëindig deur 'n skriftelike bedankingsbrief aan die sekretaris van die Vereniging te rig. Sy bedanking moet die sekretaris bereik voordat die datum aangebreek het waarop ledegelde betaalbaar is.
- 6.3.2. By bedanking ingevolge paragraaf 6.3.1, verbeur die lid alle gelde wat hy reeds aan die Vereniging betaal het, tensy die Bestuurskomitee na goeddunke anders besluit en moet alle eiendom van die Vereniging wat in sodanige lid se besit is sonder versuim deur die lid aan die Vereniging teruggelewer word.

7. TOETREDINGS- EN JAARGELDE

- 7.1. Lede, wat elke gewone lid en elke junior lid insluit, betaal 'n toetredingsfooi en/of jaargeld soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal word.
- 7.2. Lede moet die toetredings- en jaargelde, wat deur die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd bepaal word, betaal. Jaargelde is betaalbaar voor of op die laaste dag van Februarie of sodanige ander datum as wat die Bestuurskomitee mag bepaal.
- 7.3. Indien 'n lid versuim om voor 31 Maart sy/haar jaargelde te betaal, word sy/haar lidmaatskap outomaties opgehef en is so lid nie geregtig op enige verdere voordele of regte in die Vereniging nie. So 'n persoon moet alle eiendom van die Vereniging wat in sy/haar besit mag wees sonder versuim aan die Vereniging teruglewer. So 'n persoon moet, wanneer hy/sy weer 'n lid van die Vereniging wil word, opnuut aansoek doen om lidmaatskap teen betaling van die voorgeskrewe toetredings- en jaargelde.

8. BESTUUR VAN DIE VERENIGING

- 8.1. Die bestuur van die Vereniging berus by die volgende Komitees:

- 8.1.1. Die Bestuurskomitee bestaande uit die portefeuilles van President, Voorsitter en Onder-Voorsitter en die verkose lede wat op 'n Algemene Jaarvergadering tot die Bestuurskomitee verkies word en die addisionele lede wat deur die Bestuurskomitee self aangestel word om spesifieke take te verrig.
 - 8.1.2. Die Uitvoerende Komitee wat bestaan uit die Bestuurskomiteelede en die Verteenwoordigers van die onderskeie Provinse van die Vereniging.
- 8.2. Dienende lede in portefeuilles van die Bestuurskomitee word jaarliks outomaties genomineer vir dieselfde posisies waarin hulle gedien het, indien hulle herverkiesbaar is. Addisionele nominasies mag vir enige portefeuilje op die Bestuurskomitee voorgelê word. Addisionele nominasies moet skriftelik gedoen word en moet skriftelik gesekondeer word en vergesel word van die skriftelike toestemming van die genomineerde lid tot sy nominasie vir 'n portefeuilje op die Bestuurskomitee. Addisionele nominasies moet die Sekretaris van die Vereniging nie minder as 21 dae voor die Algemene Jaarvergadering bereik nie. Die genomineerde, voorsteller en sekondant moet opbetaalde lede van die Vereniging wees.

- 8.3. Die Bestuurskomitee mag na goeddunke, wanneer omstandighede dit in die belang van die Vereniging vereis, bykomende stemgeregtigde lede van die Vereniging koöpteer om op die Bestuurskomitee en/of die Uitvoerende Komitee te dien of om enige getal stemgeregtigde lede van die Vereniging in een of meer subkomitees onder beheer van die Bestuurskomitee te dien. So 'n subkomitee sal direk aan die Bestuurskomitee verslag doen en moet onder die voorsitterskap van 'n lid van die Bestuurskomitee sy werksaamhede verrig. Die opdragte aan en die werksafbakening van só 'n subkomitee sal deur die Bestuurskomitee bepaal word. By 'n Bestuurskomitee- en/of Uitvoerende Komiteevergadering sal 'n kworum bestaan uit die helfte plus een lid van die totale aantal komiteelede wat op daardie stadium op sodanige komitee dien. Indien die President of Voorsitter nie by sodanige vergadering teenwoordig is nie, kies die teenwoordige lede uit hul geledere 'n Voorsitter. Alle besluite van sodanige komitees sal by wyse van 'n meerderheid stem geneem word. Indien daar 'n staking van stemme is, sal die Voorsitter van daardie vergadering 'n beslissende stem bo en behalwe sy eie stem hê.
- 8.4. 'n Lid van die Bestuurskomitee wat sonder verskoning of 'n grondige rede van twee agtereenvolgende vergaderings van die Bestuurskomitee afwesig is, mag indie uitsluitlike diskresie van die Bestuurskomitee gevra word om as lid van die Bestuurskomitee te bedank. 'n Lid van die Bestuurskomitee wat volgens die meerderheidstem van die Uitvoerende Komitee nie bekwaam is om sy pos te beklee nie of wat weens 'n ander rede nie sy pligte na behore nakom nie, kan in die uitsluitlike diskresie van die Uitvoerende Komitee gevra word om uit die Bestuurskomitee te bedank. Indien so 'n lid, nadat hy aldus versoek is, versuim om te bedank, kan die Uitvoerende Komitee sy lidmaatskap as Bestuurskomitee summier beëindig en moet die vakante posisie binne 30 dae vanuit die stemgeregtigde lede van die Vereniging deur die Uitvoerende Komitee gevul word vir die oorblywende termyn voor die volgende Algemene Jaarvergadering by welke geleentheid 'n verkiesing van 'n Bestuurskomiteelid in die posisie moet plaasvind.
- 8.5. Indien geval van bedanking/uittrede/afsterwe/ontheffing van pligte van 'n lid van die Bestuurskomitee, moet sy posisie binne 30 dae deur die Uitvoerende Komitee uit die geledere van stemgeregtigde lede van die Vereniging gevul word vir solank as wat daardie lid onthef is van sy pligte of totdat 'n verkiesing tydens die volgende Algemene Jaarvergadering vir daardie posisie gehou kan word.

9. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE EN BESTUURSKOMITEE

- 9.1. Die pligte en bevoegdhede in paragraaf 9.3.1, 9.3.2, 9.3.3, 9.3.5, 9.3.7, 9.3.8, 9.3.14, 9.3.15 en 9.3.17 vervat, word aan die Uitvoerende Komitee opgedra en verleen.
- 9.2. Die pligte en bevoegdhede in paragraaf 9.3.1, 9.3.2, 9.3.4, 9.3.6, 9.3.8, 9.3.9, 9.3.10, 9.3.11, 9.3.12, 9.3.13, 9.3.16, en 9.3.18 vervat, word aan die Bestuurskomitee opgedra en verleen.
- 9.3.
- 9.3.1. Om minstens drie keer per jaar te vergader;

- 9.3.2. Om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Grondwet en enige opdragte van die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging en hulle te beywer vir die bevordering van en verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging;
- 9.3.3. Om enige vaste eiendom wat nodig of wesenlik geag mag word vir die verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging aan te koop of te huur of te bekom en om sodanige vaste eiendom te verkoop, te verruil, te verhuur, met 'n verband te beswaar of om dit op enige ander wyse te vervreem, te belas of van die hand te sit;
- 9.3.4. Om sodanige amptenare en/of werkers in diens te neem teen sodanige besoldiging en op sodanige diensvoorwaardes as wat dit wenslik mag ag en om sodanige aangestelde amptenare en/of werkers te ontslaan of te skors na goeddunke;
- 9.3.5. Om geld te leen en terugbetaling daarvan te voorsien vir die verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging sonder enige beperking hoegenaamd van die betrokke bedrag of bedrae aldus geleent en sonder beperkings hoegenaamd van die aard en omvang van die sekuriteit wat die Uitvoerende Komitee in sy uitsluitlike diskresie mag goeddink;
- 9.3.6. Om enige regsgeding namens die Vereniging in te stel, te verdedig, te voer, te laat vaar of te skik;
- 9.3.7. Om aan enige Bestuurskomiteelid en/of ander lid van die Vereniging die reg oor te dra en toe te vertrou om alle dokumente, wissels, promesses of prokurasies namens en ten behoeve van die Vereniging te teken;
- 9.3.8. Om een of meer bankrekeninge en/of spaarrekeninge in die naam van die Vereniging te open, te bedryf, te hou en te sluit by 'n erkende finansiële instelling of instellings;
- 9.3.9. Om enige van die fondse van die Vereniging wat nie onmiddellik benodig word vir die nakoming van die doelstellings van die Vereniging nie, te belê in sekuriteite by erkende finansiële instellings en om sodanige beleggings weer te gelde te maak en die opbrengs van sodanige tegeldemaking te herbelê soos wat die Uitvoerende Komitee in sy uitsluitlike diskresie goed mag vind;
- 9.3.10. Om van 'n lid wie se lidmaatskap ingevolge hierdie Grondwet beëindig word, alle kentekens, lidmaatskapbewyse en ander aanduidings van lidmaatskap van die Vereniging, waarvoor sodanige lid nie uit eie fondse betaal het nie, terug te eis;
- 9.3.11. Om alle aansoek om lidmaatskap van die Vereniging te oorweeg en goed te keur of af te wys na goeddunke en enige verdere bewys van goeie gedrag of ander bewyse tot bevrediging van die Bestuurskomitee te verg van 'n aansoeker alvorens sodanige aansoek goedgekeur word;
- 9.3.12. Om met verenigings te skakel wat gemeenskaplike of aanverwante doelstellings nastreef;
- 9.3.13. Om enige ooreenkoms van welke aard ookal met enige instansie te sluit ter bevordering van die doelstelling van die Vereniging;

- 9.3.14. Om verder alles te doen of te laat doen wat wenslik mag wees, of nie spesifiek hierin genoem word nie, ter verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging sonder beperkings hoegenaamd;
- 9.3.15. Om die stigting van takke van die Vereniging toe te laat ter bevordering van die belang van die Vereniging en sy lede en die uitbreiding van sy lidmaatskap, onderhewig aan sodanige reëls en voorwaardes soos deur die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd neergelê mag word;
- 9.3.16. Om bevoegdhede te deleger met betrekking tot die ondertekening van alle dokumente wat in paragraaf 10 hieronder vermeld word;
- 9.3.17. Om 'n dissiplinêre kode vir werkemers van die Vereniging op te stel of te laat opstel;
- 9.3.18. Om aansoek te doen vir akkreditasie as Sportvereniging by die Suid-Afrikaanse Departement van Sport en alles wat nodig mag wees om akkreditasie te bewerkstellig en in stand te hou, te doen.

10. TEKENMAGTE

Alle prokurasies ter instelling of verdediging van enige regsgeding, of vir die registrasie van enige oordrag van vaste eiendom, of verder alle ooreenkomste, kontrakte, verhandelbare dokumente, en ander dokumente of stukke moet, tensy dit anders besluit word deur die Uitvoerende Komitee, deur die Sekretaris of Tesourier en die President of Voorsitter geteken word.

11. VASTE EIENDOM

Alle vaste eiendom en registreerbare regte in vaste eiendom deur die Vereniging verkry, sal geregistreer word in die naam van die Vereniging naamlik "Suid-Afrikaanse Jaggewerskietvereniging".

12. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Ingeval dit sou nodig word om hierdie Grondwet te wysig of aan te vul, sal dit geskied deur 'n twee-derde meerderheid van stemme van aanwesige stemgeregtigde lede op 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Jaarvergadering. Indien 'n wysiging of aanvulling plaasvind op 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Jaarvergadering an die Vereniging, sal die beoogde wysiging of aanvulling duidelik uiteengesit word in die kennisgewing waarkragtens daardie Vergadering belê word. Indien dit plaasvind op 'n Spesiale Algemene Vergadering, moet sodanige vergadering belê word spesifiek vir die doel om die Grondwet te wysig of aan te vul.

13. WERKSWYSE OP ALGEMENE JAAR- EN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

- 13.1. Die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging word gehou op 'n datum wat, sover moontlik, val tussen 1 April en 31 Mei van elke jaar en op 'n tyd en plek soos bepaal deur die Bestuurskomitee.
- 13.2. Kennis van die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering soos in hierdie paragraaf beoog, sal geskied by wyse van skriftelike kennisgewing aan alle

- lede van die Vereniging by hul laasbekende adres en moet gestuur word minstens 14 dae voor die datum van die beoogde vergadering. Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering sal vergesel gaan van die Uitvoerende Komitee se verslag.
- 13.3. By 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering sal die aanwesige lede 'n kworum vorm. Alle besluite op sodanige vergaderings, behalwe soos bepaal in paragraaf 12 hierbo en 16 hieronder, sal geskied deur 'n gewone meerderheid van stemme.
- 13.4. Stem deur proksie ^{*i}
- Enige besluite waarop gestem moet word mag gedoen word in persoon teenwoordig of deurmiddel van proksie stem
- 13.4.1. Proksie moet skriftelik ingedien word by die sekretaris, volledig ingevul en behoorlik onderteken deur die magtiger op die voorgeskrewe proksie dokument by wyse van :
- 13.4.1.1. elektroniese pos, nie korter as 4 werksdae voor die aanvang van die vergadering; of
- 13.4.1.2. geregistreerde pos ontvang deur die sekretaris nie korter as 4 werksdae voor die aanvang van die vergadering; of
- 13.4.1.3. fisiese oorhandiging aan die sekretaris of sy verteenwoordiger voor die aanvang van die vergadering.
- 13.5. Indien daar 'n staking van stemme op enige van die bogenoemde vergaderings mag wees, besit die Voorsitter van sodanige vergadering 'n beslissende stem, bo en behalwe sy gewone stem. Die Voorsitter van enige van die bogenoemde vergaderings sal die Voorsitter of, in sy afwesigheid, die Onder-Voorsitter wees. Indien albei afwesig is, moet die vergadering uit eie geledere 'n Voorsitter kies.
- 13.6. 'n Spesiale Algemene Vergadering mag deur die Uitvoerende Komitee belê word om enige saak van die Vereniging te behandel, en kennis van sodanige vergadering moet skriftelik aan lede gepos word 14 dae voor die beoogde datum. As minstens 20 lede skriftelik daartoe versoek, met opgaaf van redes vir sodanige versoek, is die Bestuurskomitee verplig om 'n Spesiale Algemene Vergadering te belê binne 40 dae vanaf ontvangs van sodanige versoek en met Skriftelike kennisgewing van minstens 14 dae aan alle lede. Enige kennisgewing hiervolgens gestuur, moet duidelik die aard van die besigheid meld wat behandel sal word.
- 13.7. 'n Spesiale Algemene Vergadering behandel uitsluitlik die sake waarvoor dit byeengeroep is.
- 13.8. Slegs gewone lede, en lewenslange erelede besit stemreg op die bogenoemde vergaderings van die Vereniging en elke lid besit een stem. 'n Lid wat nie sy verskuldige ledegeld betaal het nie, het nie stemreg op enige vergadering van die Vereniging nie.

14. OUDITEURE

Die boeke en rekeninge van die Vereniging word geouditeer en gesertifiseer deur 'n persoon, gekwalifieer om sulke dienste te lewer, en sal by die Algemene Jaarvergadering gekies word. As sodanige gekose persoon se dienste om een of ander rede hoegenaamd voor die normale datum van die Jaarvergadering beëindig word, benoem die Uitvoerende Komitee 'n persoon vir die onverstreke tydperk tot die Jaarvergadering plaasvind.

15. AANSPREEKLIKHEID VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE


Die lede van die Uitvoerende Komitee en sodanige subkomitees as wat daar mag wees, is deur die Vereniging gevrywaar teen alle onkoste, verliese, uitgawes en verpligtings waarvoor hulle aanspreeklikheid mag opdoen as gevolg van hul optrede namens en ten behoeve van die Vereniging en die Vereniging is verplig om sodanige onkoste, verlies, uitgawes en verpligtings te betaal uit die fondse van die Vereniging, mits sodanige eis binne 30 dae na afloop van die gebeurtenis ingedien word, by gebreke waarvan so 'n lid sy eis sal verbeur.

16. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING


Die Vereniging kan alleen ontbind word deur 'n besluit geneem deur 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige stemgeregtigde lede op 'n Algemene Jaarvergadering, of op 'n Spesiale Vergadering wat vir die doel belê is. 'n Korum vir sodanige vergadering sal bestaan uit ten minste een vyfde van die totale aantal gewone stemgeregtigde lede van die Vereniging. Minstens 14 dae kennis moet van so 'n vergadering gegee word en die kennisgewing moet duidelik meld dat die ontbinding van die Vereniging en beskikking oor sy bates oorweeg sal word. By gebreke van so 'n opkoms word die vergadering vir 14 dae vertraag, by hervatting waarvan die vergadering finaal met 'n gewone meerderheidstem besluit, ongeag die bywoning.

17. INTERPRETASIE

By interpretasie van hierdie Grondwet sal die Afrikaanse weergawe van toepassing wees.



President
11 Mei 2018



Voorsitter
11 Mei 2018



Sekretaris
11 Mei 2018

Datum

Datum

Datum

Hersienings

I. Toevoeging tot die konstitusie - 2017 05 05

13.4. Stem deur proksie *

Proksie moet skriftelik ingedien word by die sekretaris, volledig ingevul en behoorlik onderteken deur die magtiger op die voorgeskrewe proksie dokument by wyse van :

13.4.1. elektroniese pos, nie korter as 4 werksdae voor die aanvang van die vergadering; of

13.4.1. geregistreerde pos ontvang deur deur die sekretaris nie korter as 4 werksdae voor die aanvang van die vergadering; of

13.4.1. fisiese oorhandiging aan die sekretaris of sy verteenwoordiger voor die aanvang van die vergadering..